Brainline Holdings (Pty) Ltd.
Reg. no.: 2019/463668/07
Director: C Cronje

215 Veronica Street
Montana, Pretoria, 0182
Private Bag X505, Sinoville, 0129

+27 (0) 12 543 5000
Info@brainline.com
www.brainline.com

Ons kan potensiaal herken wanneer ons dit sien, en ons sien dit in jou!

Skryf in vir 2021 en bereik jou potensiaal met Breinlyn

Die 21ste eeu het die baan geweg vir 'n alternatiewe vorm van onderwys, wat op die nuutste tegnologie gebou is en 'n nuwe en innoverende opsie aan leerders in die digitale era bied. By Breinlyn is ons trots op ons innoverende gees en deurlopende ontwikkeling om seker te maak dat ons ons kliënte met die beste moontlike oplossings toerus.

Breinlyn is 'n innoverende, kwaliteit-gedrewe aanlyn skool wat tuisonderrig aan Graad R – 12 voorsien. Ons vier ons 30ste bestaansjaar in 2020, en doen steeds wat ons lief het – om meer en meer leerders in staat te stel om hul Nasionale Senior Sertifikaat deur innoverende afstandsonderrig-oplossings te verwerf.

Breinlyn voorsien 'n veilige onderrigspasie aan enige leerder om hulle volle potensiaal te ontdek en te bereik. By Breinlyn glo ons dat onderwys die deur na die toekoms is en hierdie deur lei na onderskeiding. Onderskeiding het nie 'n spesifieke maatstaf nie, dit gaan verder as talent en dit word deur 'n individuele student se drome, hoop, volhardingsvermoë en toewyding bepaal.

Terwyl vele skole en miljoene leerders regoor die wêreld swaar getref is deur die onlangse COVID-19-pandemie en die meegaande skoolsluitings, het ons aanlyn virtuele skool ononderbroke voortgegaan.



Inhoud

Hoekom moet ek vroeg inskryf vir die 2021 akademiese jaar?

Hier is waarna jy kan uitsien in 2021
NUWE eksterne platforms
NUWE Brainline Cloud School-funksies

Hoe skryf ek vir 2021 in?
As jy vir graad R–3 inskryf
As jy vir graad 4–12 inskryf

Bylaag: Die Snapplify-leser met verbeterde vermoëns

Hier is 'n kort oorsig oor ons:

Hoekom moet ek vroeg inskryf vir die 2021 akademiese jaar?

VERMY DIE STORMLOOP!

Vermy die stormloop in Januarie 2021 en die wagtyd om in te skryf.

Begin betyds met jou akademiese jaar op 18 Januarie 2021.

WEES VOORBEREID

Skryf vroeg in sodat jy reeds jou voorgeskrewe boeke vir 2021 kan bestel.

Let op enige veranderinge wat gemaak is aan jou lys van voorgeskrewe boeke.

Bestel jou boeke deur Snapplify (digitale boeke) of CredoBooks (harde kopieë).

SPAAR

Vermy die 2021-prysverhoging deur vroeg in te skryf.

'n Volle betaling vir jou 2021-inskrywing voor 15 Desember 2020 verwerf 2.5%-afslag.

Skryf in vir 2021 met 'n deposito voor 31 Desember 2020 en spaar met 2020-pryse.

Begin jou rekening vroeg afbetaal oor 'n langer tydperk voor Oktober 2021.

Bepalings en voorwaardes geld.

Hier is waarna jy kan uitsien in 2021

NUWE eksterne platforms

Snapplify-leser	Hierdie gaan die Breinlyn E-leser vervang wat verouderd geword het en moeilik om te ondersteun. 'n Inleiding tot die Snapplify-leser is as 'n bylaag aan hierdie brief geheg.
Microsoft 365 A1 for Students (MS Online)	Gratis Office 365 vir die internet met populêre toepassings soos Outlook, Word, PowerPoint, Excel en OneNote.
Outlook.com	Ons gaan 'n toegewyde e-posadres ('s-----@brainline.com') vir elke student skep wat by ons inskryf. Bly op datum met belangrike kennisgewings vanaf Breinlyn.
OneDrive	OneDrive gee die Breinlyn-student een plek om hul skooldokumente te stoor, deel en sinkroniseer. Office 365 A1 sluit 1 TB wolk-gebaseerde stoorspasie per student in.

NUWE Brainline Cloud School-funksies

Ouer-paneelbord	Die ouer/voog van 'n Breinlyn-student sal nou 'n unieke aantekening tot Brainline Cloud School ontvang. 'n Unieke paneelbord is vir elke ouer gebou wat hulle in staat sal stel om: • Die algehele vordering en klasbywoning van die student te monitor. • Datums van komende take, toetse en eksamens te sien. • Terugvoering wat vanaf die Brainline Cloud School-onderwysers op assesseringsitems te hersien. • Die nuutste aankondigings vanaf die Brainline Cloud School-onderwysers in elke vak te lees.
Verbeterde gebruikers-koppelvlak	Ons het die gebruikerskoppelvlak ("user interface") verbeter, wat navigasie meer doelgerig, konsekwent en eenvoudig maak.
Kalender- en Zoom-integrasie	Waar daar veelvoudige klasskakels op 'n vakblad gelys was, sal alle Zoom-klasse nou deur die Brainline Cloud School-kalender geskeduleer word. 'n Breinlyn-student sal komende klasse op hulle kalender kan sien en dan bloot klik om aan te sluit op die dag en tyd van die geskeduleerde klas.
OneDrive	OneDrive gee die Breinlyn-student 'n sentrale plek om hul skooldokumente na die Brainline Cloud School te stoor, deel, en sinkroniseer.

Bekendstelling van BrainBots aan Brainline Cloud School

Bekendstelling van spelifisering aan Brainline Cloud School! Breinlyn-studente sal vir hul optrede op Brainline Cloud School beloon word. 'n BrainBot kan verdien word wanneer 'n student voorafbepaalde take verrig. Daar is verskillende vlakke BrainBots, wat wissel van groen tot goud, waar goud die hoogste vlak is wat behaal kan word. Klim die leer na prestasie met Breinlyn deur BrainBots te versamel.

Snapplify-leser

As 'n Breinlyn-student hulle e-pos ('s------@brainline.com') gebruik wanneer hul hul digitale boeke deur Snapplify koop, sal hierdie boeke via die Brainline Cloud School toeganklik wees, wat dit maklik en vinnig maak om na gekoopte digitale boeke te navigeer.

B-Active en Stretch-n-Grow aanlyn aktiewe sessies vir graad R - 7

Ons is opgewonde om aan te kondig dat ons vennootskap met die B-Active Group en Stretch-n-Grow in 2021 sal voortgaan. B-Active is daarop gefokus om kinders se selfvertroue, vaardighede en fiksheid deur blootstelling aan sportervarings te verbeter en gaan aktiewe sessies aanbied wat hulle spesiaal vir ons Breinlyn-studente ontwerp het. Stretch-n-Grow spesialiseer in hoë-gehalte, PRETTIGE oefeninge en beweginsgervarings waaroor kinders DOL is, insluitende fiksheid, dans, sport en joga.

Breinlyn sosiale media en nuusbrief

Ons is baie aktief op sosiale media platforms en kommunikeer die belangrikste maandelikse nuus via ons nuusbrief. Maak asseblief seker dat jy ons volg op Facebook, Twitter en Instagram. Besoek www.brainline.com vir meer inligting en nuus.

Hoe skryf ek vir 2021 in?

Dit was nog nooit so maklik om aanlyn by ons via www.mybrainline.com in te skryf nie

1. **Gaan na ons webtuiste** www.mybrainline.com
2. **Inskrywings-inligting word aanlyn vasgelê**
3. **Alle kontrakte word elektronies onderteken**
4. **Dien jou inskrywing in en betaal deposito**
5. **48 uur om jou inskrywing goed te keur**

Verwag asseblief 'n moontlike vertraging tydens hierdie omkeertyd gedurende piektyd (Januarie tot Februarie van die akademiese jaar).

Brainline
Aanlyn Skool vir Gr R-12
www.brainline.com



As jy vir Graad R - 3 inskryf

1 Skryf aanlyn in

Gaan na www.mybrainline.com en skyf aanlyn in vir enige van die volgende:

- Bewyse van registrasiefooi - R250 eenmalig (verpligtend)
- Aanlyn aktiwiteite en ondersteuning - maandelikse subskripsie van R500.00 (opsioneel)
- Skoolgereedheidstoets (opsioneel)
- Junie/November-assessering (slegs vir Graad 1–3) (opsioneel)

2 Microsoft 365 Student-rekening

'n Microsoft 365 Student-rekening word vir elke ingeskrewe student geskep.
Hierdie rekening word binne 24 uur vanaf goedkeuring van die inskrywing geaktiveer.

3 Koop die graad R–3-modules vir die jaar

Die Breinlyn graad R–3 digitale boeke kan vanaf Snapplify.com gekoop word of as harde kopieë deur Credobooks (www.credobooks.co.za).
Die Snapplify-leser gaan die Breinlyn E-leser vervang wat verouderd geword het en moeilik om te ondersteun.

Jy kan kies om die Breinlyn Graad R–3 modules deur enige van die volgende verskaffers aan te koop

Opsie 1: Digitale Boeke op die Snapplify-leser

Snapplify EDUCATION .com

1. Sodra jou inskrying goedgekeur is en jou Microsoft 365 Student-rekening geaktiveer is, gaan na https://brainline.snapplify.com/overview.
2. Teken in met Microsoft met genbruik van die inteken-besonderhede wat jy in jou e-pos van verwelkoming ontvang het.
3. Koop elke boek soos vereis.
4. Gaan na **www.getsnapplify.com** en kies jou tipe toestel. Laai die toepassing/installeerder af en installeer dit op jou toestel.
5. Maak die toepassing oop en teken in met jou Microsoft gebruikersnaam en wagwoord.
6. In die toepassing sal jy sien dat die items wat jy gekoop het, besikbaar is om af te laai.
7. Sodra jy die boek afgelaai het, sal jy toegang tot jou studiemateriaal hê.

Opsie 2: Harde kopie boeke by Credo Books

CREDOBOOKS

1. Credo Books is Brainline se voorkeur verskaffer van hardekopieboeke vir ons kliënte.
2. **Klik hier** om harde kopieë van jou studiemateriaal te bestel

Let asseblief daarop dat om digitale boeke op Snapplify te koop, moet jou inskrywing by ons eers goedgekeur word sodat ons 'n Microsoft-rekening vir die leerder kan skep om mee in te teken. Dit sal die Breinlyn-student toelaat om van 'n lys voorgeskrewe boeke te kies so wel as om hierdie aangekoopte boeke by die Brainline Cloud School te integreer.

As jy vir Graad 4 - 12 inskryf

1

Skryf aanlyn in

Gaan na www.mybrainline.com and skryf in vir die gewenste graad.

2

Microsoft 365 Student-rekening

'n Microsoft 365 Student-rekening word vir elke ingeskrewe student geskep.
Hierdie rekening word binne 24 uur vanaf goedkeuring van die inskrywing geaktiveer.

3

Laai die lys van voorgeskrewe en aanbevole boeke af vir die jaar

Klik hier om die lys van voorgeskrewe en aanbevole boeke vir die jaar van ons webtuiste af te laai

Jy kan kies om die Graad 4 –12 voorgeskrewe en aanbevole boeke vanaf enige van die volgende verskaffers aan te koop:

Opsie 1: Digitale Boeke on the Snapplify Reader

Snapplify.com EDUCATION

1. Sodra jou inskrying goedgekeur is en jou Microsoft 365 Student-rekening geaktiveer is, gaan na https://brainline.snapplify.com/overview
2. Teken in met Microsoft met gebruikk van die inteken-besonderhede wat jy in jou e-pos van verwelkoming ontvang het.
3. Koop elke boek soos vereis ooreenkomstig met die lys van voorgeskrewe boeke wat jy afgelaai het.
4. Gaan na **www.getsnapplify.com** en kies jou tipe toestel. Laai die toepassing/installeerder af en installeer dit op jou toestel.
5. Maak die toepassing oop en teken in met jou Microsift gebruikersnaam en wagwoord.
6. In die toepassing sal jy sien dat die items wat jy gekoop het, besikbaar is om af te laai.
7. Sodra jy die beoek afgelaai het, sal jy toegang tot jou studiemateriaal hê.

Opsie 2: Harde kopie boeke by CredoBooks

CREDOBOOKS

1. Credo Books is Brainline se voorkeur verskaffer van hardekopieboeke vir ons kliënte.
2. **Klik hier** om harde kopieë van jou studiemateriaal te bestel.

Opsie 2: Harde kopie boeke vanaf Protea Boekwinkel

Protea Bookshop Boekwinkel

1. Gebruik Protea Boekwinkel as 'n alternatiewe verskaffer vir hardekopieboeke.
2. **Klik hier** om hulle webtuiste te besoek.

Let asseblief daarop dat om digitale boeke op Snapplify te koop, moet jou inskrywing by ons eers goedgekeur word sodat ons 'n Microsoft-rekening vir die leerder kan skep om mee in te teken. Dit sal die Breinlyn-student toelaat om van 'n lys voorgeskrewe boeke te kies so wel as om hierdie aangekoopte boeke by die Brainline Cloud School te integreer.

Ons bly daaraan gebonde om aan u ‘n ononderbroke, innoverende kwaliteit-gedrewe aanlyn skoolervaring te bied. Sodra jy by ons vir 2021 inskryf, sal jy nooit terugkyk nie. Ons sien daarna uit om jou by die Breinlyn-familie te verwelkom.

Vriendelike groete
Die Breinlyn-span

Bylaag

Die Snapplify-leser met verbeterde vermoëns

Ons is baie trots om ons vennootskap met Snapplify.com aan te kondig ten einde ons leerders met Snapplify se mark-leidende leser te voorsien. Hierdie sal byna al die digitale voorgeskrewe boeke aan ons leerders lewer.

Die Snapplify-leser verhoog nie net toegang na 'n groter keuse van boeke nie maar stel ook ons leerders in staat om deel van 'n groter digitale biblioteek te wees wat binnekort aangekondig gaan word. Hierdie leser belowe gebruiksgemak oor alle platforms en alle toestelle. Hierdie gaan die Breinlyn E-leser vervang wat verouderd is en moeilik geword het om te ondersteun.

Minimum bedryfstelselvereistes

Android 4.4
iOS 10
Mountain Lion OS
Windows XP
Chrome OS 50

Minimum ondersteunde toestelspesifikasies

Dubbelkern-verwerker ("Dual-core processor")
Ten minste 1GB RAM
Ten minste 16GB hardeskyfspasie

Ons vertrou dat julle net so opgewonde soos ons is om hierdie nuwe platform ten volle te verken.

Hoe sal hierdie my affekteer?

- Die standaard **lisensiëringstydperk** vir 'n digitale boek op die Snapplify-leser is 425 dae. (ongeveer 14 maande). Let asseblief op die vervaldatum by aankoop van 'n e-boek.
- Die Breinlyn **Graad R-3 digitale boeke en die BrainMATHS-program** kan slegs by Snapplify.com gekoop word.
- Die Breinlyn Graad R-3 digitale boeke en die BrainMATHS-program kan almal vanaf die Snapplify-leser **uitgedruk** word.
- Alle **ander digitale boeke sal nie vanaf die Snapplify-leser uitgedruk** kan word nie. Leerders wat verkies om hul voorgeskrewe materiaal uit te druk word dus aangeraai om harde kopieë deur Credobooks (www.credobooks.co.za) te bestel.
- Weens die beperkings wat deur uitgewers gestel word, is die drukfunksionaliteit van alle digitale boeke op alle huidige lesers verwyder.

Waar begin ek?

Graad R–3

1. Skryf in by Breinlyn by www.mybrainline.com.
2. Wanneer jou inskrywing goedgekeur is, sal jy 'n e-pos van verwelkoming ontvang met instruksies oor hoe om jou **digitale boeke by Snapplify.com** te koop.

Graad 4–12

1. Skryf in by Breinlyn by www.mybrainline.com.
2. Wanneer jou inskrywing goedgekeur is, sal jy 'n e-pos van verwelkoming ontvang met instruksies oor hoe om jou **digitale boeke by Snapplify.com** te koop.

Alternatiewelik, as jy eerder gedrukte en gebinde kleurboeke verkies, koop hulle by Credobooks (www.credobooks.co.za) aan.

Waarna om uit sien op die Snapplify-leser

Notas en verheldering ("highlighting")

Notas laat jou toe om dele van die teks te merk waar jy addisionele annotasies kan hê om die teks te supplementeer. Verheldering laat jou toe om tret te hou van gedeeltes teks wat jy voel belangrik is.

Annotasies en Snapplify Journal

Terwyl jy studeer is dit werklik nuttig om verheldering en notas by die teks te kan voeg om later na sleutelkonsepte en -temas te kan terugkeer. Die Snapplify-leser laat jou toe om al notas en verheldering in een plek te kan raadpleeg met gebruik van die Annotasies en die Snapplify Journal-aansig.

Boekmerke

Met die gebruik van "Bookmarks" in die Snapplify-leser kan jy spesifieke bladsye stoor en hulle weer later raadpleeg wanneer jy wil.

Volledige-tekssoekfunksie

Android- en iOS-gebruikers kan die kragtige soekfunksie gebruik om gedeeltes en onderwerpe dwarsdeur hul e-boeke op te spoor. Byvoorbeeld, wanneer jy vir 'n spesifieke woord soek, sal dit al die ooreenstemmende woorde in die boek vertoon. Dit sal jou wys in watter hoofstuk en op watter bladsye die woorde geleë is. Jy kan dan op die afdeling klik waarna jy wil gaan in die boek.

Klik hier indien jy meer oor die Snapplify-leser wil leer.

Jy kan hulle ook vrae vra via hulle regstreekse "chatbot" by www.snapplify.com